# <u>Die dorp waar byna almal in een gebou bly</u>

VERWERK UIT: MAROELA MEDIA

https://maroelamedia.co.za/vreemdhede/video-die-dorp-waar-byna-almal-in-een-gebou-bly/



*(Foto: CBS News)*

Die Tik-Tok gebruiker Messy.nessy se video's wat sy van haar dorp deel, waar 95% van die inwoners in 'n enkele woonstelblok bly, is baie gewild op sosiale media.

Sy verduidelik byna die hele bevolking van Whittier in Alaska in die VSA bly in dieselfde gebou, wat as die Begich Towers bekendstaan. Die poskantoor, skool, gesonheidskliniek, polisiestasie, mark en 'n kerk is ook deel van dieselfde gebou.

Messy.nessy, wie se pa ook die burgemeester van Whittier is, deel verskeie video's op sosiale media van hulle leefstyl en beantwoord nuuskierige kykers se vrae. Whittier is werklik uniek en het die bynaam gekry van "die dorp onder een dak".

Die dorpie is slegs toeganklik via 'n boot of 'n tonnel wat sowat 4 km lank is.

Begich Tower is aanvanklik vir weermagbehuising gebruik tydens die Koue Oorlog en daar bly tans 318 mense in die gebou. Daar is 'n tweede woonstelblok in die dorp waar die res van die inwoners bly.

Volgens Messy.nessy is daar 'n tonnel in die kelder wat na die skool toe lei oorkant die pad. Sy het ook 'n video gedeel waar sy 'n "toer" deur die gebou neem. In reaksie op mense se kommentaar dat die gebou baie depressief lyk, het sy gesê sy is baie gelukkig in die dorp. Sy sê Whittier is baie mooi en hulle is slegs sowat 'n uur se ry van Alaska se grootste stad, Anchorage – waar hulle inkopies kan gaan doen of kan gaan fliek. Nog 'n dorp is sowat 20 minute van Whittier af geleë en daar is 'n ski-oord in die winter en in die somer kan hulle met 'n boot gaan vaar, gaan stap, visvang en met jetski's ry.

Daar is nie enige huise in die dorp wat mens kan koop nie, omdat mens nie grond of eiendom in die dorp kan koop waarop mens 'n huis kan bou nie. Mens kan wel woonstelle in die bestaande twee geboue koop.

Werksgeleenthede is beskikbaar by die spoorlyn, die tonnel, die skool, die kliniek en talle ander rolle in die dorp. Sommige inwoners pendel daagliks na Anchorage vir werk.

Kykers is verstom oor die video's. "Die geskinder en die drama wat daar moet aangaan!" het een persoon in die kommentaar laat weet. "So mens het eintlik nie 'n verskoning om iemand anders te ignoreer nie – mens kan nie sê 'ek is nie by die huis nie', want dis almal se huis!" het 'n ander geskryf.